

DIE ONTWIKKELING VAN DIE BRAKPANSE MUNISIPALE WAPEN 1920—1966

Dr. F.J. Nöthling

Departement Geskiedenis, Universiteit van Suid-Afrika

Kort nadat die Brakpanse munisipaliteit in 1919 onafhanklike status ontvang het, is besluit om 'n amptelike dorpswapen te verkry. Gevolglik het van die munisipale beamptes aan die werk gespring en hulle poging is op 23 Maart 1920 deur die Raad as munisipale wapen aanvaar. Hierdie wapen is in die vyftigerjare deur heraldici gekritiseer, maar die plaaslike owerheid kon eers ruim 'n dekade later daarvan oortuig word om dit reg te stel.

Die stadsklerk, W.S.V. Hosking, het die wapen ontwerp en die latere stadsingenieur, P.P. van der Merwe, het dit geteken. Hosking het van die standpunt uitgegaan dat die simbole deurgaans 'n inheemse karakter moet hê en het gevolglik 'n wapen ontwerp wat nie aan die vereistes van die heraldiek beantwoord nie, maar tog mooi gelyk het. Die feit dat Van der Merwe, toe nog 'n tekenaar in die kantoor van die stadsingenieur, van natuurlike kleure gebruik gemaak het, het grootliks tot die estetiese voorkoms van die wapen bygedra.

In sy soeke na inheemse simbole het Hosking wye as die onmiddellike Brakpanse omgewing beweeg en besluit om 'n Zoeloeskild as agtergrond te gebruik en dit met mielieblare te omring. Volgens bronne het dit inheemse Suid-Afrika en sy landbou gesimboliseer. Waarom Hosking algemene in plaas van lokale simbole vir 'n dorpswapen gebruik het, is nie duidelik nie. Sy keuse van mielieblare hou moontlik verband met mielieboerdery op die Hoëveld en die mielieplaas waarop Brakpan ontwikkel het. Die Zoeloeskild in die dorpswapen is egter moeilik te verklaar; die geskiedenis van die streek voor die koms van die Blanke dui immers daarop

dat die gebied tydens die *difaqane* ontvolk was. Daar is trouens geen spesifieke verwysings na enige aksies van die Zoeloes in dié omgewing nie. Hosking kon wel die teenwoordigheid van Zoeloe-arbeiders op die myne in gedagte gehad het, maar lede van ander Swart volke was ook hier werksaam. 'n Veel makliker verklaring is dat die Zoeloeskild 'n gerieflike agtergrond verskaf het en terselfdertyd inheems was.¹

Die belangrikste verandering in die samelewing van die ou Zuid-Afrikaanse Republiek was die ontdekking van goud aan die Witwatersrand. Daardeur het 'n hele reeks gemeenskappe al met die goudrif langs ontwikkel. Brakpan was een van dié gemeenskappe en Hosking wou dit in die ontwerp beklemtoon. Daarom is 'n mynskagtoring in die boonste deel van die skild aangebring. So-doende sou die aanskouer veral aan die vier skagte van die Brakpanmyn wat binne die munisipale grense geleë was, herinner word. Dit was juis hierdie myn wat 'n ont-saglike bydrae tot die dorp se ontwikkeling gelewer het.

Die onderste deel van die skild moes nog gevul word. In dié ruimte het Hosking besluit om aandag op die dorp se naam te vestig. Vandaar dus 'n pan wat Van der Merwe blou gekleur het om die indruk van water te wek. Hosking het nog verder gegaan en ook die woord "Brakpan" op die wapen aangebring. Gedurende 1920 was die instelling van afsonderlike munisipale bestuur en die afskeiding van die dorp van Benoni nog vars in die geheue en is die datum "1919" as 'n soort statussimbool bygevoeg.

Die "ingekleurde" skild met sy mielieblaar-agtergrond het egter nog 'n halfklaar indruk geskep. Skildhouers aan albei kante was nodig en Hosking het dit met 'n leeu en 'n springbok, albei in 'n lêende posisie, afgerond. Ook hieraan is simboliese betekenis geheg. Die leu het die Engelssprekende deel en die springbok die Afrikaanssprekende deel van die dorpsbewoners gesimboliseer. 'n Slagspreuk, *Labore et Honore*, is onder die wapen aangebring.² Dié ontwerp het tot 1954 — sonder enige kritiek hoegenaamd — as dorpswapen gedien.

In 1959 het die ontwerp onder die aandag van die Heraldiese Genootskap van Suidelike Afrika gekom. Die Uniefees was op hande en dié liggaam het 'n beroep op Brakpan gedoen om die heraldiese foute in hulle wapen uit te skakel. Dit sou voorkom dat 'n foutiewe wapen by die beoogde uitstalling van stads- en dorpswapens tydens

Transvaalse Argiefbewaarpark, Pretoria (TA), Brakpanse Munisipale argief (BMA), Raadsnotule, 23.3.1920; Brakpan-Munisipaliteit (BM), korrespondensielêer 3/8/2: S.W. Pienaar — Stadsklerk, 21.10.1959.

The East Rand Express, 16.10.1920; TA; BMA, korrespondensielêer Municipal crest: Town Clerk — A.S. Rogers, 14.8.1924; BM, korrespondensielêer 3/8/2: Stadsklerk — Dr. K.S. Spiess, 3.9.1959.

Munisipale wapen, ontwerp deur W.S.V. Hosking en geteken deur P.P. van der Merwe, wat in 1920 deur die stadsraad van Brakpan as die amptelike embleem aanvaar is.



die Uniefees ten toon gestel word.³ Brakpan se dorpsvaders was bewus daarvan dat hul dorpswapen nie heraldies aanvaarbaar was nie, maar kon nie oortuig word dat 'n regstelling noodsaaklik was nie. Hulle het trouens met soveel ywer aan die ontwerp vasgeklou dat dit met reg aangevoer kan word dat die wapen na ongeveer veertig jaar 'n gevestigde dorpsradisie was. Enige wysiging daarvan bloot om 'n klompie heraldici tevrede te stel, sou volgens hulle die sentiment vir die wapen onnodige geweld aandoen.⁴

Ofskoon die Raad nie wou toegee aan die versoek van die Heraldiese Genootskap nie, het hulle tog gevra dat die kritiek gemotiveer word, 'n versoek waaraan met graagte voldoen is.⁵ Ernstige afwykings van heraldiese beginsels is aangedui in die motivering wat die Genootskap opgestel het.

Eerstens berus die gebruik van die Zoeloeskild vir inheemse simboliek op vergissing. Veel ernstiger was die swak heraldiese samestelling en willekeurig gekose simbole in die wapen self. Mynbou word nie deur mynskagtorings gesimboliseer nie, maar deur 'n goue hamer of hamers of selfs 'n goue penning of "koek" of stampers. Ander heraldiese alternatiewe is die "keper" of die balk.⁶ Water weer, word deur golwende blou of silwerbalke gesimboliseer, en nie deur die presiese replika daarvan nie, terwyl woorde en syfers op 'n wapen in stryd is met alle heraldiese reëls. Die leeu en die springbok wat as skildhouers langs die wapen gelê het, het die wapen oneer aangedoen omdat skildhouers altyd staan. Die bedoeling is dat hulle die skild vashou of stut en sulke steunsels is in die reël bokke. Die simboliese betekenis van die leeu en springbok was, soos die ander simbole, foutief; die "Tudor rose" is die simbool van die Engelse volk en die leeu weer dié van die Nederlanders. Laastens was die blasoenering of heraldiese beskrywing van hierdie wapen onmoontlik.

Hoewel die Heraldiese Genootskap die gebreke in Hosking en Van der Merwe se wapen duidelik aangetoon het, het die Raad besluit om steeds die oorspronklike ontwerp te gebruik. Die wapen is dan ook met die Uniefeesviering van 1960 uitgestal.⁷ Die dorpsvaders het goeie rede gehad om die bestaande ontwerp te behou. Wie, behalwe die klompie heraldici, was per slot van rekening bewus van die foute in die wapen? Voeg daarby dat die wapen met sy eenvoudige en maklik herkenbare simbole tussen al die ander dorpe en stede se korrek ontwerpte en geblasoeneerde wapens die duidelikste tot die leek sou spreek. Die mynskag, die pan, die benaming "Brakpan" en die datum "1919" was bruikbare publisiteit vir 'n dorp wat in die laat vyftigerjare die invloed begin voel het van die sluiting van talle goudmyne.

'n Nuwe ontwikkeling het egter met meedoënlose finaliteit die ontwerp se lot verseël. Met die oprigting van die nuwe provinsiale gebou in Pretoria is besluit dat Transvaal se stads- en dorpswapens die nuwe provinsiale gebou in Pretoria moet versier.⁸ Hiervoor was Brakpan te vinde, dog geen woord is gerep oor die onheraldiese gebreke van die wapen nie. Die direkteur van plaaslike bestuur het in dié stadium egter die voorwaarde gestel dat slegs wapens wat aan heraldiese vereistes voldoen, aanvaarbaar sou wees.⁹ Dit was die begin van die einde vir Brakpan se wapen, want daar was net twee moontlikhede: die dorp moes óf sy wapen regstel óf 'n plek daarvoor in die provinsiale gebou verbeur. Hoewel steeds skepties, het die Raad besluit om die advies van die staatsheraldikus in te win.¹⁰ 'n Lang, uitgerekte proses van onderhandeling en bespreking het hiermee begin en

uiteindelik uitgeloopt op die aanvaarding van 'n totaal ander ontwerp, heraldies korrek, maar met behoud van die oorspronklik gekose simbole.

Dit is interessant om te let op die besware wat dr. Coenraad Beyers, destydse staatsheraldikus, teen die ou ontwerp geopper het. Hoewel meer bondig saamgevat as die besware van die Heraldiese Genootskap, het dit wesenlik dieselfde tekorte uitgewys. Die Zoeloeskild was onjuis en onaanvaarbaar, so ook die benaming "Brakpan" en die datum "1919" terwyl die lêende springbok en leeu hul funksie alleen in 'n staande posisie heraldies korrek sou vervul.¹¹

Die dorpsvaders was aanvanklik onwillig om 'n ingrypende verandering te oorweeg en het slegs 'n regstelling verkies. Die bestaande wapen het hom egter nie tot so 'n regstelling geleen nie; daarvoor was die afwykings te groot. Min kon gedoen word om die mieliekoppe, die lêende steunsels en ander tekortkominge te verbeter en die weglating daarvan was die enigste oplossing. Daartoe het die staatsheraldikus die Raad teen April 1964 oortuig en die munisipaliteit moes terselfdertyd besluit of hulle 'n wrong of volledige dekklede verkies, al dan nie.¹² Dr. Coenraad Beyers was voorts ten gunste van twee flaminke as steunsels terwyl hy ook die veranderende aard van die dorp in die nuwe wapen wou simboliseer. Brakpan was trouens nie meer 'n myndorp nie maar het al sy kragte ingespan om in 'n nywerheidsdorp te ontwikkel; dié tendens het volgens hom eerder 'n plek in die ontwerp verdien.¹³

Ou tradisies sterf stadig en die munisipaliteit kon nie tot 'n bevredigende beslissing kom nie. Na 'n lang vertraging het die Bestuurskomitee eers in Mei 1965 sy weg oopgesien om die nuwe ontwerp aan die hele Raad voor te lê. Dit is toe in Junie daardie jaar goedgekeur waarna formele aansoek daarvoor gedoen kon word.¹⁴

Die nuwe ontwerp het 'n jaar hierna volle beslag gekry toe dit op 5 April geregistreer en op 27 Julie 1966 fi-

3. BM, korrespondensielêer 3/8/2: S.W. Pienaar — Stadsklerk, 21.10.1959.
4. BM, korrespondensielêer 3/8/2: Stadsklerk — S.W. Pienaar, 29.10.1959.
5. BM, korrespondensielêer 3/8/2: S.W. Pienaar — Stadsklerk, 5.11.1959.
Die term "koek" beteken 'n ronde skyf in rooi; 'n "keper" is 'n kappievormige struktuur oor die hele wapen, terwyl 'n "balk" 'n dwarsbalk oor die wapen, 'n skuinsbalk wat van links na regs oor die wapen daal of 'n skuinsbalk wat van links na regs styg, beteken. Die kleure van die "keper" of die "balk" word in die blasoenering of beskrywing van die wapen aangedui. Die verklaring van hierdie en ander heraldiese begrippe met dank ontvang van mnr. J.D. Bodel van die Buro vir Heraldiek, Pretoria.
7. BM, Notule van die Komitee vir Geld en Algemene Doeleindes, 18.2.1960.
8. BM, korrespondensielêer 3/8/2: Direkteur Transvaalse Werke-departement — Stadsklerk, 27.7.1962; Notule, Bestuurskomitee, 6.8.1962.
9. BM, korrespondensielêer 3/8/2: Direkteur Plaaslike Bestuur — Stadsklerk, 28.3.1963.
10. BM, korrespondensielêer 3/8/2: Stadsklerk — Staatsheraldikus, 23.4.1963.
11. BM, korrespondensielêer 3/8/2: Staatsheraldikus — Stadsklerk, 14.11.1963.
12. Heraldiese simbole wat na die ou ridderstydperk terugverwys. Die "dekklede" is afkomstig van 'n mantel wat die ou ridders gedra het om die son van die pantser af weg te hou. Die "wrong" is 'n ring wat die "dekklede" aan die helm vasmaak en bestaan in die heraldiek uit ses draaie beurtelings in die hoofwapenkleure.
13. BM, korrespondensielêer 3/8/2. Vergelyk 'n ongedateerde nota in die verband op dié lêer.
14. BM, korrespondensielêer 3/8/2, Uittreksel uit Notule, Bestuurskomitee, 6.5.1965; Raadsnotule, 21.6.1965.



Die nuwe wapen wat in April 1966 deur die Buro vir Heraldiek geregistreer is.

naal goedgekeur is. Die wapen bestaan uit 'n geskaak¹⁵ van silwer en groen met die segment van 'n tandrat van goud oor alles heen. Die helmteken is drie flaminke van natuurlike kleur, hulle regterpote rustende op 'n stamper van goud. Die wrong en dekklede is van goud en groen met die dorp se slagspreuk onderaan.¹⁶

In hierdie nuwe wapen ontbreek 'n duidelike nywerheidsimbool; die tandrat en stampers is albei simbole wat op die mynbedryf dui. Die staatsheraldikus kon die dorpsvaders nie daarvan oortuig om van die mynbousimbole af te sien nie, en die veranderende karakter van Brakpan het dus nie 'n neerslag in die nuwe wapen gevind nie. Nietemin het die wapen die ou tradisionele ontwerp vervang wat deur leke op die terrein van die heraldiek opgestel is in 'n tyd toe sorgvuldige aandag nog nie aan

heraldiese juistheid gegee is nie. Deur slegs die mynboubedryf heraldies korrek te simboliseer, is die ou wapen op 'n subtiele manier bevestig en is nog 'n aspek van die dorp se tradisie, sy groei uit die mynbedryf, behou. Weselik was die verandering van 1966 dus 'n regstelling van 'n stukkie onheraldiese heraldiek waardeur die vereiste van kontinuïteit — ook 'n beginsel van die heraldiek — eweneens gehandhaaf is. ■

15. Geskaak is 'n oppervlak soortgelyk aan 'n skaakbord.

16. BM, korrespondensielêer 3/8/2; Buro vir Heraldiek — Stads-klerk, 17.7.1966.